SKOOLDRAG

(soos deur **amptelike verskaffers** voorsien: Totiusdal Handelshuis, Waverley of Select Outfitters, Queenswood)

Skoolkleurbaadjies is verpligtend vir alle Graad 8 tot 12-leerders. Sweetpakbaadjies word nie saam met skooldrag gedra nie (slegs deel van sportdrag).

Oosie-drag word gedra soos gereël deur die skool.

DOGTERS SE KLEREDRAG
Somer: 1 September tot 30 April
Donkerblou rompie of donkerblou langbroek.
Kortmou, blou insteekhemp.
Kort, blou sokkies.
Voorgeskrewe skoolkleurbaadjie. ('n Skooldas is nie verpligtend saam met die skoolkleurbaadjie in die somer nie).
Skooltrui of skooloortrektrui.
Geen sweetpakbaadjies nie.

Winter: 1 Mei tot 31 Augustus
Donkerblou rompie of donkerblou langbroek.
Langmou, blou hemp.
Skooldas.
Kort skoolsokkies mag SLEGS onder lang sykouse gedra word.
Donkerblou, lang broekiekouse (saam met rompie).
Voorgeskrewe skoolkleurbaadjie.
Donkerblou, skoolserp met amptelike kleure.
Skooltrui of skooloortrektrui. (Trui mag nie ingesteek word nie)
Geen sweetpakbaadjies nie.

SEUNS SE KLEREDRAG
(soos deur amptelike verskaffers voorsien)

Somer: 1 September tot 30 April
Slegs kortmou, blou hemp soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
Kortmou hemde se moue mag nie opgerol word nie.
Grys broek (kort of lank). Broekspype mag nie afgewerk of vernou word nie.
'n Grys of swart belt en 'n gespe (standaard gespe, geen modegiere nie).
Swart skoolskoene met swart veters (sien onder algemeen)
Skoolkouse
Voorgeskrewe skoolkleurbaadjie. (Skooldas is nie verpligtend saam met die skoolkleurbaadjie in die somer nie.)
Slegs 'n V-nek, wit onderhemp mag saam met die skoolhemp gedra word.
Geen sweetpakbaadjies nie.

Winter: 1 Mei tot 31 Augustus
Langmou, blou hemp soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
Skooldas.
Grys broek (kort of lank). Broekspype mag nie afgewerk of vernou word nie.
'n Grys of swart belt en 'n gespe (standaard gespe, geen modegiere nie).
Swart skoolskoene met swart veters. (sien onder algemeen).
Skoolkouse.
Voorgeskrewe skoolkleurbaadjie.
Donkerblou skoolserp met amptelike kleure.
Geen mussies ("beanies") mag saam met skooldrag gedra word nie.
Geen sweetpakbaadjies.